## SARS BESPEUR ONGEWONE HOË AANTAL VERDAGTE BTW-REGISTRASIES

**Tshwane, 11 Mei 2023** - SARS is daartoe verbind om regmatige terugbetalings uit te betaal aan kwalifiserende belastingpligtiges wanneer dit verskuldig is. In lyn met hierdie verbinding in die 2022/23 finansiële jaar, is 'n rekord van R381 miljard se terugbetalings uitbetaal waarvan R319 miljard BTW-terugbetalings was.

SARS het 'n neiging van verdagte BTW-registrasies agtergekom. In die maand van April spesifiek, het ons 'n aansienlike toename raakgesien wat ons vereis het om 'n dringende hersiening van ons registrasieproses uit te voer. Een van ons hoof strategiese oogmerke, en ontwerpbeginsel van ons administratiewe platform, is om registrasie maklik te maak. Dit moet egter gebalanseerd wees met die risiko van misbruik en pogings deur individue om 'n BTW-nommer te bekom en bedrieglike eise vir terugbetalings te maak. Ons is deur ons gesofistikeerde risiko-enjin bewus gemaak dat daar 'n ongewone toename in die aantal registrasies is, waarvan almal verdag was. Ons ontleding toon dat 'n groot aantal hiervan geskep is met die doel om SARS te bedrieg, en dus ook eerlike belastingpligtiges te bedrieg.

As gevolg van hierdie waarnemings, en die verhoogde moontlikheid van bedrog, sal die volgende, met onmiddelike intreding, van toepassing wees:

- Alle nuwe aansoeke vir BTW-registrasies, sal aan 'n strenger registrasieproses onderworpe wees, wat moontlik mag insluit dat die aansoeker persoonlik by sy/haar naaste tak sal moet aanmeld vir verifiëring en akkreditasie.
- Waar aansoekers versoek is om 'n tak te besoek, moet 'n afspraak vooraf op die SARS-webtuiste gemaak word deur op die “Book an Appointment”-ikoon te klik.
- Alle stawende dokumente wat vir registrasie-outentisering vereis word, moet by die tak ingedien word op die dag van die afspraak.
- BTW-registrasie sal eers intree wanneer SARS oortuig is dat die aansoek wettig is.

SARS is gereed om kriminele klagtes aanhangig te maak teen sodanige oortreders. Diegene wat die fiskus beroof verhoog eenvoudig die algehele belastinglas op die res van ons wat ons belasting eerlik betaal.

SARS -kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het 'n streng waarskuwing uitgereik aan diegene wat by sodanige skemas betrokke is. Hy het gesê: “SARS is besig om sy menslike pogings aan te vul deur die gebruik van data-insigte, kunsmatige intelligensie en masjien-aangeleerde algoritmes om sy vermoë te verskerp in die identifisering van kriminele aktiwiteite. Diegene wat ons onderskat, doen dit tot hulle eie ondergang. Ek wil ook om verskoning vra aan eerlike belastingpligtiges vir die ongerief wat dit mag veroorsaak”.

“SARS is 'n lewensbelangrike instansie in die bou van ons nasie en die versterking van ons demokrasie, deur die uitvoer van sy verantwoordelikheid om inkomste in te vorder, nakoming te verbeter en regmatige handeldryf te fasiliteer, en sodoende 'n bekwame staat te bou. SARS voer hierdie mandaat uit sonder aansiens des person.”

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSmedia@sars.gov.za